



## TOULEIER

Elke dorpie het sy Oom Frans. Party meer as een. Ons een woon net hier om die draai van my af. Oom Frans se werkswinkel is ingerig in 'n dubbel garage en kyk uit oor die straat. Hy is omtrent elke dag daar besig met een of ander ding aant regmaak. Altyd met sy blou slagtersvoorskoot aan. Hy kyk op as daar 'n kar verby kom en groet bykans almal. In die begin het ons twee net vir mekaar geknik met die kop so in die verby ry. Later die duime gelig om te wys als is klopdisselboom aan elke kant.

Toe ek later my driewiel *Shoprider* aanskaf en besluit om dit buite die hekke van ons kompleks te waag, was my eerste stop by Oom Frans. Ek kon tot neffens sy werkbank ry sonder om af te klim en het sommer so uit die saal met hom gesit en gesels. Vind toe uit hy kom uit die Noorde waar hy eiendomme waardeer het. Vandag waardeer hy net die feit dat hy so naby die see kon kom aftree het.

Hy sit en maak reg wat stukkend is. Van elektriese omslagbore tot horlosies. Sy plek is geordende chaos. Frans erken darem ruitelik dat as hy die dag vir 'n slag regpak, dan kom hy op goed af wat hy al vrek gesoek het voor.



Toe ek hom ontmoet het, het hy nog twee honde gehad. Regstelling, hondjies. Sy hart se punt *Bella* en ene *Einstein*, altwee Yorkies. *Bella* het haar leiband gehaat en net toe Frans haar eendag bietjie vryheid wou gee, hardloop sy oor die pad voor 'n motor in. Kort daarna is *Einstein* dood aan natuurlike oorsake. Frans se dogter troos hom toe met 'n Schnauzer genaamd *Rahman*. Frans sê dit staan vir Ramkat in Duits. Die Duitsers meen weer daar is nie so 'n naam vir ramkat nie maar daar is 'n lewende terroris met daai naam!

Hoekom ek so baie van Oom Frans se honde weet is omdat dit die rede was hoekom ek hom gaan sien het. Hy is soort van ons onoffisiële burge-stasie-posmeester en hy ken almal. Ek wou by hom weet waar die beste plek was vir ons van die huiseienaarsvereniging, om 'n hondepoeffoks of drie op te sit. Ek soek nog steeds na 'n gepaste naam vir daai boksies waarin die mense op straat hulle honde se drolle moet gooi.

Stuur gerus jou voorstel vir ons! Mens kry mos eintlik net twee soorte hondeienaars, die wat optel agter hulle honne en die wat reken hulle honde mag vry rondloop en skuit waar hulle wil.

Laat weet watter kant van die draad jy staan,

Groete, Hennie en Kamermaatjie



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

GAAN NA [WWW.ONSDORP.COM](http://WWW.ONSDORP.COM) EN PLAAS JOU VAN DAAR

Net enkeles onder julle sal onthou net hoe kammanuus ontstaan het. Met die draai van die eeu en toe die internet nog in babaskoene was. Ons klomp wat in Anderkantkand gaan werk en of woon het, het mekaar gaan opsoek in Kletskamers, platvorms waar ons kontak gemaak het van oral oor.

Sonja in Isreal, Anita in Dubai, Ray en sommer n hele klomp uit Australie en selfs uit Rusland daai tyd.

Toemaar, julle sal binnekort meer daarvan kan lees in my boek!

Vir nou, weet net dat Stamboom 'n integrale deel van Onsdorp en Kammanuus was en nou weer terugkom, stadig maar seker. Want mense wil weet wie hul voorsate was en hoe en wanneer hulle hier beland het.

Hier is die eerste voorbeeld van hoe dit werk: Jy skryf of vir my by [kammanuus@gmail.com](mailto:kammanuus@gmail.com) of jy gaan vul die vormpie in op die Onsdorp webwerf.

Daar sal jy kan sien wie nog jou van daar geplaas het om na te vors, of jy is eerste, wat ek twyfel!

Ons afskop inskrywing lyk so:

**Steenkamp:** Rian@ipicgroup.com Rian Maartins

Dit beteken Riaan is besig om die van **STEENKAMP** na te vors en nooi enige Steenkamp of Steenkamp nasate uit om hom te kontak en inligting uit te ruil

Maklik né? Maak so!

## Breinboelie

In 10 sakke albasters is daar 'n verskillende getal albasters, maar almal het meer as 10 albasters in. 9 van die sakke se albasters weeg almal 10 g elk en die tiende een s'n weeg almal slegs 9 g. Jy kan net een keer weeg met 'n goeie skaal. Hoe sal jy bepaal watter sak het die ligter albasters?

ANTWOORD AGTERAAN AGTEROS.

## KORT SPOOKSTORIE

"Die man is heeltemal stoksiel-alleen in die wêreld. Skielik is daar 'n klop aan sy deur."



# Dié Maand se Giggels

## GOEIE BEGRIP...HALWE WOORD



## VROUENS WAT IETSIE EKSTRA OM DIE MIDDEL DRA, LEWE LANGER AS MANS WAT DIT NOEM



dian 2013

EK HET 'N TOEP GEMAAK WAAR SENIORS WAT DIESELFDE KRONIESE MEDISYNE GEBRUIK MEKAAR ONTMOET



INSTEDE VAN IN DISKOS ONTMOET SOOS IN ONS JONG DAE, KRY ONS MEKAAR IN DISKEM

DAAR WAS VREESLIK BAIË REËN TYDENS DIE VAART. GELUKKIG WAS DIE BUFFET UITSTEKEND, EK HET SOMMER TWEE VAN ALS GEËET!



"Plekspykertjie":-

Dis 'n mooi Afrikaanse woord vir "Pindrop"! 📍

Pasop om nie deurmekaar te raak met "Spykerplekkie" nie,

dis iets heel anders!



# TIERFONTEIN SE LAPPIESMOUSE



Geleen by Kosie Opperman van:

**kammakastig**

want die maan is van kaas gemaak

Dis nou daardie ouens wat van plek tot plek reis met handelsware of voorbeelde/katalogusse van handelsware – trêwellers, lappiesmouse van toeka, handelsreisigers in die meer formele dialek. Ek weet nie of daar nog deesdae aktiewe handelsreisigers is nie; wat ek wel weet, is dat dit byna die enigste manier was vir plaas- en dorpswinkels van destyds om voorraad aan te vul. Destyds synde rondom die middel van die vorige eeu.

Tierfonteinwinkel het dus sy gereelde besoeke van reisigers gehad. Mense wat mettertyd byna soos familie geword het en wie se besoeke hoogtepunte was in 'n winkelkind se wêreld. Hierdie reisigers was feitlik deurgaans Jode en dit is interessant dat die etimologiewoordeboek die woord “smous” aandui as oorspronklik 'n skeldnaam vir Jode.

Die reisigers het almal met sulke lánɡ stasiewaens gery. Daar moes genoeg plek wees vir die reusetasse met die uitvou-en-opwipprakkies vir die monsters van die ware wat hulle smous. En daar was altyd 'n chauffeur wie se taak dit ook was om die sware tasse in en uit te laai en rond te sleep.

**Mr. Bean** was 'n ronde, joviale buksie van 'n mannetjie en een van Pa se groot vriende. Pa het hom sommer Bôntjie genoem (bean = boontjie) en vir ons kinders was hy oom Bôntjie. Hy was trots op sy Bôntjie-naam. Hy en Lily (Liélie in oom Bôntjie-dialek) het in Durban gewoon en daar is gereeld oor en weer gekuier tydens die jaarlikse Suidkusvakansies. Tydens een so 'n besoek het Bôntjie en Liélie hulle lot bekla: Een van hulle seuns had sinnigheid in 'n christenmeisie. Yslike dilemma. So 'n huwelik sou ondenkbaar en absoluut ontoelaatbaar wees vir 'n ortodokse Jood van daardie tyd. Hulle sou verplig wees om alle kontak met die kind te verbreek, sou hy voortgaan met die verhouding.

**Mr en Mrs Quicke** was ook gereelde besoekers. Mrs Quicke was 'n deftige, petite dame met nie 'n haartjie uit plek nie en 'n regte vasknypstappie. Hulle dateer van vóór Pa en Ma se troue, want tussen al die huwelikstelegramme was daar ook een met “Congratulations and best wishes. Quickes”, gestuur vanaf Norwood. Daar was ook 'n telegram van Jack Jackelow, geadresseer aan

Bennie van Rensburg. Pa se noemnaam was Van. Mens sou verwag dat Jack Jackelow van beter moes weet, terwyl die Vrystaatse plattelanders vasgesteek het by Wên of Ben of ook soms Bennie as hulle besonder toegeneë gevoel het.

**Mr Shevell** was ‘n groot gunsteling. Hy het die móóiste klere, linne, handdoeke en skoene gehad. Wanneer sy stasiewa voor die winkel stop, het Ma dadelik haar vriendin, tannie Miem, gebel om te kom uitsoek en die span vrouens het soos kwetterende vinke al om die mooigoed getrippel. Dit was juis by hom dat Ma ‘n mooi blou-en-pers rok uitgesoek het vir Kleinboet se komende troue, ‘n rok wat sy toe nooit kon dra nie. Hier heelonder is ‘n storie wat einste tannie Miem se dogter, Freda, geskryf het oor Tierfontein se reisigers en ‘n besondere rok.

## “Ons het hom die Vry-omie genoem...

**Neels Dercksen** was die enigste reisiger wat nie Joods was nie, so Afrikaans as kan kom. Hy het altyd die nag by ons aan huis deurgebring en ons het reikhalsend daarna uitgesien. Ons het hom Vry-omie genoem, Pa se spotnaam vir hom omdat Ma kwansuis ekstra moeite gedoen het met kamer regmaak en spyskaart beplan vir die sjarmante en galante gas. Vry-omie het sy groot speelgoedtas saans op die sitkamervloer uitgepak. Ons bekke het oopgehang en byna van kwyl gedrup van verwondering. Dinge wat kon raas en sing, dinge met veelkleurige liggies wat flits; dinge wat opgewen kon word om te ry, vlieg of dans; poppe wat praat, poppe wat loop, poppe wat slaap; dinge waarvan jy nie eens kon droom nie, het daar voor jou oë uit die wondertas se laaie waar geword.

Dan was daar die benesmous. Hy het nie vérkoop nie, maar gékoop. Die ding werk só: die plaasmense het voor die voet self geslag – bees, skaap, vark – en wat nie geëet kon word nie, moes ontslae van geraak word en as mens ‘n sjieling of twee daarvoor kon kry, soveel te beter. Die bene en velle is dus winkel toe gebring om verkoop te word. Die klipharde, stokstye velle is gewoonlik net so op die trein gelaai, maar die bene is eenkant op ‘n hoop gegooi totdat daar genoeg was vir die benesmous om te kom oplaai. Dit was ‘n verligting wanneer hy met sy lorrietjie opgedaag en korte mette gemaak het met die stinkende brommerparadys.

Ek kan nie dink dat Benny en Lily Bean, Jack Jackelow, die Quicques, mister Shevell, Neels Dercksen ooit sou kon raai dat hulle name ná etlike dekades in ‘n Afrikaanse blog sou opduik nie.

Et l'étoile sê dit : “Je tremble au bout d’un fil. Si nul ne pense à moi, je cesse d’exister.” *Jules Supervielle*

*[En die ster sê vir homself: “Ek hang bewend aan die punt van ‘n dun draadjie. As niemand aan my dink nie, bestaan ek nie meer nie.]*





Prof. N., 'n oogarts van Pretoria, was later jare baie ingedagte en verstrooid. Een middag om halfses was hy besig om 'n dame se oë in die donker ondersoekkamer te toets toe die telefoon lui. Aangesien sy sekretaresse reeds huis toe was, antwoord hy self die telefoon. Na 'n lang gesprek met 'n kollega trek hy sy baadjie aan en gaan huis toe . . . en vergeet skoon van die pasiënt!



Die pasiënt kla dat hy nie goed ver kan sien nie. Die dokter neem hom na die venster en vra: “Wat sien jy daar in die lug?”

“Die son.”

“Mens – wil jy nog verder as *dit* kan sien?”



Die ou man kla teenoor die kroegman:

“Ek sien die hele tyd wit kolletjies en skoenlappers voor my oë.”

“Het jy al 'n dokter gesien?” vra die kroegman.

“Nee, net wit kolletjies en skoenlappers.”



Twee vriendinne wat mekaar laas op skool gesien het, ontmoet weer na al die jare.

“Ek hoor jy was al 'n paar maal getroud.”

“Ja, jong, maar ek sukkel nog steeds om die regte man te kry. Ek was eers met 'n *psigiater* getroud. Hy't net daarvoor gepraat. Toe was dit 'n *ginekoloog*. Hy't net daarna gekyk. Toe het ek genoeg gehad van dokters. Nou's ek met 'n *bouer* getroud, maar ai, hy sê net heeldyd hy sal dit volgende week doen!”



# HOL & TONG



Liewe Vriende

Ek wis nou nie of julle net vir Kerstyd of Nuwejaar, of soos ek, somer vir die lekkerte enige tyd van die jaar 'n Gammon( gepekelde / gerookte varkboud) of koue beestong gaarmaak nie! Vir my is dit nie net n lekkerte vir spesiale dae nie maar 'n somerstapelkos! Dink net al die koue vleis en slaai etes, die volgraan en koevleis toebroodjies .... Jy kan natuurlik beide warm of koud bedien!



1 medium gammon of tong (Was tong en verwyder kliertjies)

6 pepperkorrels

4 grof opgekapte stingels seldery

4 grof opgekapte wortels

1 groot ui in kwarte

4 heel naeltjies

4 lourierblare

1 liter 100% appelsap met water aangevul om die vleis heeltemal te bedek. ( jy kan net water ook gebruik!)

Sit al die bestandele in n groot kastrol. Laat prut met die deksel op vir 1½ ure. Of voeg al die bestandele in n drukkastrol en kook vir 50 min tot sag. Haal die vleis uit die water, en vries die aftreksel waarin dit gekook is vir sop of bredies! Trek die tong se vel af ,laat goed koud word en sny in skywe. Vir die gammon kan jy net die vet lagie met n mes in blokkies sny, dit bedruip met n appelkooskonfyt en mosterd mengsel en dit vinnig onder die rooster sit om n krakerige lagie te kry, en bedien met 'n appel- of mosterdsousie! Ek maak dieselfde gekookte mosterdsous by al my koue vleise, of andersins die gewone soet- mosterd wat met 1 blikkie kondensmelk, 140 ml asyn ( n halwe koppie en n bietjie ekstra) en 20 ml mostertpoeier ( 4 teelepels) gemaak word!

25 ml olie, 25ml koekmeel, 50 ml mosterdpoeier, 125ml suiker, 2 ml sout, 250 ml kookwater, 50 ml wit asyn,

250 ml mayonaise, sap van 1 vars suurlemoen

Meng olie,meel,mosterd,suiker sout en kookwater in kastrolletjie tot glad . Verhit tot kookpunt,haal van stoof af .Roer asyn, mayonaise en suurlemoensap by.

As jy 'n warm gereg daarvan wil maak, (soos 'Skoonma se tong' van Annette Human in Wenresepte 1of 2) pak dan die helfte van jou tong skyfies in 'n oondpan en gooi helfte van die mosterd sous bo-oor, herhaal nog n laag en strooi broodkruummels oor die laaste laag . Bak dit dan vir 30 min by 180 grade celsius

Voila! Lekker eet!

Mooi groetes, Retha

# SPREEKWOORDELIKS

## Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

### DIE LETTER H

**Haar:** Hare op die tande hê (baie deursettingsvermoë en durf hê)

Die Switsers was die eerste bekende huursoldate en sou by enige leër aansluit as die besoldiging reg was. In teenstelling met hulle neutrale beeld van vandag as koekoeklokmakers was hulle kranige krygers wat gevrees is vanweë hulle onverskrokkenheid. Om hierdie beeld verder te bevorder, het hulle woeste snorre gekweek wat hulle lippe grotendeels verberg het sodat dit gelyk het asof daar hare op hulle tande is. Dit het die vyand laat besluit dat iemand wat hare op sy tande het nie vir die duiwel sou stuit nie.

**Harnas:** Iemand die harnas in jaag (iemand kwaadmaak)

Die harnas is eeue gelede aangetrek as deel van die ridder se wapenrusting in 'n geveg. Om iemand dus sy harnas in te jaag, was om hom so kwaad te maak dat hy wil baklei.

**Heler:** Die heler is so goed soos (as) die steler (wie gesteelde goed in ontvangs neem, is net so strafbaar as die dief)

Helen in Nederlands was om te verberg, weg te steek. As 'n mens dus gesteelde goed wegsteek, is jy voor die wet medepligtig aan die daad.

**Horak:** Wat sê Horak? (gevra wanneer iets betwyfel word wat iemand gesê het)

'n Uitdrukking wat in die Paarl ontstaan het. 'n Sekere Horak het agtergekom dat die predikant Sondae sy preek so maak dat die hele gemeente besef dat dit op Horak en sy doen en late gemik is (waarskynlik meer op sy doen as op sy late). Natuurlik het mnr. Horak dit nie gelate aanvaar nie. Hy het dus Sondae by die kerkdeur gestaan en as die dominee iets beskuldigends sê, het hy gesê: As dit maar waar is! Naderhand het die mense as hulle iets betwyfel, eers gevra: Wat sê Horak?. Dié gesegde het nou bykans uitgesterf omdat niemand meer die verband met mnr. Horak van die Paarl kan lê nie.

**Houtjie:** Iets op eie houtjie doen (iets doen sonder om ander te raadpleeg; iets doen op eie gesag)

Mense het somtyds twee kerfhoute (kerfstokke) gehad wat netjies in die lengte in mekaar voeg. Een is deur die koper en een deur die verkoper gehou. Op die houte is die transaksies tussen die twee aangeteken. As 'n nuwe transaksie op die stok aangebring moes word, is 'n keep oor albei dele van die saamgevoegde hout gekerf. Op hierdie manier het die twee partye te alle tye die stand van hulle rekening in die hand gehad en kon geen bedrog plaasvind nie. As een dus op sy eie houtjie 'n kerf gemaak het, was dit gou duidelik dat dit nie kon geld nie.

**Houtjie:** So slim soos die houtjie van die galg (baie slu, geslepe)

Slim in Middel Nederlands het "skeef, skeel, skuins" beteken. Iemand was dus so skeef soos die houtjie van die galg. Dit was 'n figuurlike betekenis wat aangedui het dat daar 'n sekere slinksheid, selfs misdadigheid in die man steek. (In Latyn het scelus "misdad" beteken.) Die houtjie van die galg is in die praktyk glad "geslyp" deur die tou wat gereeld daarvoor gegly het ("slijpen" se vroeëre betekenis het juis met die handeling gly te make gehad). Dit was dus naderhand letterlik 'n geslepe houtjie, wat later 'n figuurlike betekenis verkry het. Een van die vroeëre betekenis van geslyp was juis ook "glibberig" – en dit beskryf nog een van die kenmerke van 'n geslepe persoon



## BRIEWE BUS



Die spotprentjie van die pleisteraars het my herinner aan 'n voorval

bykans 25 jaar gelede. Ons is nuwe setlaars en ek benodig

iemand om pleisterwerk te doen. Die buurman sê hy het

'n vriend wat ek kan kontak. Sy naam is Phill McCrackin!

Ek dag hy speel, maar hy is doodernstig en gee my die man se

telefoonnommer. Ek vra toe of die ou se vennoot dalk Ben Dover is.

Ek weet nou nog nie of hy dit gesnap het nie.



Ons het in Januarie 1999 sak en pak hier in Nieu-Zeeland aangeland. Die stad Tauranga is 200 km Suid van Auckland aan die Ooskus van die Noord-eiland. Tauranga is die vyfde grootste stad naas Auckland, Hamilton, Wellington en Christchurch en dit is wel groter as Krugersdorp, ons geboortedorp. Ons bly in 'n rustige buurt met alles gerieflik naby en geniet ons aftrede behoorlik. Ek mis wel vir ou Philemon wanneer die tuin aandag verg.

Groete,

Stephen Nel

NS: P McCrackin verskyn steeds in die telefoongids.

## DIE NYL STROOM VERBY!



Goeienaand Hennie en Annabelle van Onrus!!

Ons hier in Nylstroom het Sondag amper weggespoel jingie...mens

hoor en lees van vloede en oorstromings en trek net die skouers

op..dis vreeslik.....MAAR, Boetman, as hy hier in jou gebuurte

losbars...sing jy anner deenkies. Eks self die wolkbreuk gespaar..maar vedag reën

dit so aan en af heeldag, ons werskaf maar, naand maar nat, moes droog

aantrek..4uur toes daar 48mm innie meter. My 2 tuinwerkers gaan hyswaarts, ek

kuier op my Wolkpos...maar hoor dit reën algaande harder en harder...toe ek

biginne videos neem, merk ek die water inne meter het gerys tot 70 mm!!! Ek sê 'n

Vriendin of sy sien nat is ook al nat?? Sê sy: Nee man my gat is nat.....(askies die


GROOT EEN ).

GROETE Hennerik en jou Annaklokkie!!!

**Ans Jacobs** van Nyl se verdwaalde stroompie...wat nou so 3 maal hiri jaar oor sy

walletjies was!!







# AGTEROS

Net voor uitspantyd

## BEURTKRAG

Hallo antie Hannie,

Lanklaas van antie gehoor. Net baie donkerte hier by ons op Paterson as gevolg van een of ander moer wat moeligheid gemaak het by Koe.. Koe. ag daar innie Kaap se Yskor.

Ons huis lyk party aande soos 'n disco so kort opmekaar gaan die krag af en aan. My pa het toe besluit genoeg is genoeg. Net voor Krismis het pa besluit lat hy wil oplaas 'n generator koop, oorlat hy moeg was virrie krag onderbrekings.



my Oupa het al gedink dis omdat my pa party maande die Munisipaliteit se geld innie borrelstoor belê. My pa sê hy's gatvol, dit maak nie saak nie, of dit nou daai simpel mannetjie vannie Cownsil is wat sy krag afsny, of daai simpel mannetjie van Eskom, hy worrie nie, hy wil 'n generator hê.

Nou ja, toe gat ons winkels toe om die ding te koop. Oppie kaart want my Pa sê my ma se kaart is baie lekker, jy koop net op Budget se rekening. As jy koop en jy vertel die mense om dit op Budget se rekening te sit, doen hulle dit sommer. Ek weet nie lekker wie Budget issie, maar ek weet my pa sit alles op Budget se rekening. Ek reken die Budget gat darem lekker moerig wees as hy uitvind wat my pa alles op sy rekening koop. Hoe gaan hulle ooit weet... wil pa weet.

In elk geval ons loop koop toe die generator ding, en dis mooi daar waar die moeilikheid begin. Kyk, as julle dink my pa weet niks van kamp af nie, of van karre af nie, of van vroumense af nie, dit is tog goed wat 'n mens kan sien, dan moet julle weet, hy weet éérs niks van lektriek af,.... dis wat my ouma altyd sê

Maar my pa worrie nie, toe hy eers na 'n hele paragraaf vreemde woor daai generatortjie gestart kry, toe dink hy lat hy 'n elektriese ingenieur is. Dis glo slim ouens wat krag verstaan, sê hy.

Toe is my pa slim genoeg om te weet, solank daai generatortjie loop, solank maak hy krag, maar as hy stop, dan is hy net 'n stuk blik, met



'n fancy Japanese naam.

So, voor my pa die ding aan die krag loop koenek, toe swiets hy eers die generatortjie af, en hy se vir my " Jannie, as 'n ou met krag werk, dan moet jy slim wees, en nugter"... nou val dit my by... my pa is nie een vannie twee nie, so toe weet ek .... hie kom stront. Maar ek het verniet geworrie, toe my pa daai drade vat, en hy shok nie, toe weet ek hy weet waarvan hy praat. Toe maak hy die drade mooi skoon solat die koper uitsteek en hy is toe reg om die masjien aan die kragpunt te konnek. Nou ja, toe sit ek lekker en kyk hoe my slim pa die kragonderbreking ding onner die knieg kry, en ek worrie niks nie, oorlat ek kan sien my pa ken.

Toe maak my pa daai swietsbord innie kombuis oop, en hy maak reg om sy generatortjie se drade aan die swietsbord se drade te koenek. Dis glo solat as die krag afgaan, dan start my pa net sy generatortjie en dié se krag sal die swietsbord maak werk.

Daar is 'n gesegde wat die grootmense gebruik, hulle sê dat as die pawpaw die fan strike, dan is daar moeilikheid. Daai ooms wat so sê,.. het nog nie gesien wat gebeur as die swietsbord se krag my pa tref nie.

Kyk antie, toe my pa so oppie leertjie staan en hy konnek daai generatortjie se krag draad so aan die swietsbord se rooi draad, toe smaak dit vir my my pa is aan die hartaanval kry of hy kry 'n senuwee instorting of 'n eleptiese aanval of 'n stroke offe ding, so beskyt hy hom.

Die way wat my pa daai swietsbord ruk en pluk, met die briek-dance en alles, dog ek my pa gat die ding uit die muur uit ruk en net 'n gat daar los innie muur daar waar die swietsbordtjie was. Met die smile op sy gesig van die ge-shock lyk dit nogal of hy dit geniet.

My pa spog mos hoeka hy kon jongtyd deurnag disko sonner ophou. Hy ruk daai swietsboks of hy aan't wen is op 'n pinball-masjien!

Nou ja.. die swietsbordtjie moef nie, en my pa hou nie op ruk nie, en hy jodel soos Charles Jacoby dit sou gelaai het. Ek dog dis van woede wat my pa so skreeu oorlat hy nou begin kwaad word virrie swietsbordtjie. Hy dans so oppie leer dat die een na die ander boutjie uit die leer pop vannie skud ... en hy gooi sy dikkerige lyfie rond bo op daai leer asof hy nou inne jaaif kompetisie deelneem, of 'n voordanser by die 20 -20 krieket is.

Net toe ek vir my pa wil waarsku lat hy vannie leer gaan afval, toe gebeur dit al klaar, .... hy val van daai leer af, maar hy val nie

grond toe soos 'n mens moet nie, toe verstaan ek hoekom party mense sê " hy't daar afgemoer" want.. daai wassie 'n val nie, daai was 'n harde slag!

In elk geval, kyk my pa val toe lat dit lyk asof hy geskiet is, maar sy lyf gee nog so 'n paar rukke met die wat hy so sierlik deur die lug trek, nes daai ouens op TV wat by die olimpiese spele innie swembad induik en dan sulke langarm S-draaie innie lug maak.

Al verskil is nou dat daar nie water onner is nie - net die kombuisvloer

**As BlackLabel  
en Castle  
langs mekaar  
bly wat is  
hulle van  
mekaar?**



met die tapyt wat golwe maak soos hy neerval. Sy splinternuwe bo-tanne sit om die tafelblad vasgebyt, sonner lat my pa by hulle is. Toe dit vir my lyk dat my pa sy kop heelmal gaan misval en op sy agterent te lande gaan kom, toe skrik ek want ek vrees toe vir harsing-skudding,

want my ma sê altyd my pa se verstand sit in sy agterent en dat hy 'n harde kop en 'n lamsak is. Nou gaan my arme pa sy agterent verder lam val. Maar toe is dit te laat, hy val dat die droogtestof in 'n wolk tussen die vloerplanke uitspring en my pa met sy asmalyf in 'n stofwolk sit en hoes.

Maar toe is dit nog nie al nie. Daar sit my pa en jaaif, toe voel ek darem beter oorlat ek kan sien hy is nie heeltemal 'n lamsak nie, oordat hy sy boude toe daar oppie grond lekker vinnig wikkel, en jodel..met die een kant van die kragdraad steeds in sy hand soos 'n getrynde sanger met 'n mike. Skielik dink ek weer aan Charles Jacobie. Hy weet van ..want so tussendeur trek hy nog vir my gesigte ook, en spoeg sy ondertande met een boog in die wasbak.. Wat 'n performance... ek kon wragtag nie anders as om vir Pa hande te klap nie.



Groetnis, Kleinboet

#### BREINBOELIE OOR DIE ALBASTERS

Merk die sakke van 1 tot 10. Neem 1 albaster uit sak 1, twee uit sak twee, drie uit sak 3 ens. Jy sal dan 55 albasters hê. Weeg hulle en die aantal gram wat die gewig kort is van 550 g is die sak se nommer waarin die ligte albasters is - as die skaal 449 g lees is dit sak 1, of as dit 445 lees is dit sak 5 ens.

TOT VOLGENDE MAAND!